**Woensdag 18 Oktober**
**Skrifgedeelte: Lukas 6:27-36**
**Fokusgedeelte: Lukas 6:35, 36**
**Wat behels liefde vir my vyand?**

Ons het gister geleer dat liefde vir jou vyand en liefde vir mense wat daarop uit is om jou seer te maak, alleen moontlik is wanneer God ons lei deur sy Heilige Gees. Wanneer ons nie deur ons menslike natuur oorheers word nie, maar deur God gelei word om op die regte manier op te tree. Vandag brei ons daarop uit.

Jesus se oproep dat ons ons vyande moet liefhê, is nie ’n naïewe stelling wat Hy maak nie. Ons moet ook altyd onthou om die Woord van God as ’n geheel te lees. Wat Jesus van ons vereis, is nie teenstrydig met ander gedeeltes wat handel oor die straf van misdadigers nie. As kinders van God het ons ook die roeping om op te staan vir diegene wat hulleself nie kan beskerm nie. Soms is die enigste manier waarop ons ons vyande kan liefhê om hulle aan te spreek sodat die gevolge van hulle sondes nie meer en meer word nie.

Tog is dit nie ons plek om wraak te neem op mense wat ons seermaak nie. Dit behoort alleenlik aan God wat perfek is en die reg het om te oordeel. Christelike liefde kom daarop neer dat ons ander moet liefhê op die manier waarop God ons liefhet – sonder enige verdienste. Dit behels ook dat ons ander moet vergewe wat nie eintlik verdien om vergewe te word nie, omdat ons deur God se krag anders as die wêreld is en nie in ’n eindelose siklus van wraak en geweld betrokke moet raak nie.

Om iemand lief te hê wat vyandig teenoor jou is, beteken nie dat jy hulle optrede en boosheid goedkeur nie, maar dit behels dat jy konstant vir jou vyande moet bid en hoop dat hulle uiteindelik ook sal sien dat God in beheer is. Dit behels ook dat ons vir ander moet wys op die liefde van God. Die tipe liefde wat aan ons bewys is deur ons van ’n sondige bestaan los te breek en die waarheid van Jesus Christus aan ons te openbaar.

*Sing: Skrifberyming 2-4:1, 3*
*Ds. JA Linde (Jaco) (Witrivier)*